| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA&R 116/04** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **21/09/2004** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **22/09/2004** |

In die saak van:

**JABANI, PIET** Appellant

en

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Lacock R et Tlaletsi R*

## UITSPRAAK OP APPÉL

**LACOCK R:**

1] Die appellant is in die Streekhof te Hopetown skuldig bevind aan, eerstens, poging tot moord en, tweedens, verkragting deurdat hy na bewering op 13 Januarie 2001 wederregtelik en opsetlik gepoog het om die klaagster mej. Katryn Conradie, te

dood, en haar daarna verkrag het. Hy is gevonnis tot 5 (vyf) en 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf onderskeidelik op die voormelde twee aanklagtes.

Hy kom nou in hoër beroep teen sy skuldigbevinding en vonnis.

2] Met die deurlees van die oorkonde het dit geblyk dat die appellant die klaagster uiters ernstig aangerand het voordat hy haar verkrag het. Trouens die geneesheer wat die klaagster na die voorval medies ondersoek het, beskryf haar beserings opgedoen tydens die aanranding as die ergste wat hy in 21 jaar in sy hoedanigheid as geneesheer en distriksgeneesheer nog teëgekom het.

Die Landdros het op grond van die aard en erns van die aanranding op die klaagster, die appellant skuldig bevind aan poging tot moord.

3] Na skuldigbevinding het die Landdros geoordeel dat die misdryf van verkragting waaraan die appellant skuldig bevind is, verkragting is soos bedoel in Deel III van Bylae 2 tot Wet 105 van 1997, en dat hy gevolglik oor die nodige jurisdiksie beskik het om die appellant te vonnis.

[31] Na my mening het die Landdros hieraangaande

misgetas. Verkragting *“waarby die toediening van ernstige liggaamlike leed betrokke is”*, val onder Deel I van Bylae 2. Dat die verkragting waaraan die appellant hom skuldig gemaak het hieronder resorteer, ly geen twyfel nie.

[32] Die Landdros het vervolgens geen jurisdiksie gehad om die appellant op die aanklag van verkragting te vonnis nie, en moes hy, nadat hy die appellant skuldig bevind het die verrigtinge op hierdie aanklag gestaak het en die saak kragtens die voorskrifte van art. 52 (1) (b) van Wet 105 van 1997 na die Hooggeregshof vir vonnis verwys het. Sien **S v Mpasa** (ongerapporteerde saak nr. CA&R 71/2004 van die Noord-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof); **S v Snyders** (ongerapporteerde saak nr. CA&R 282/2003 van die Noord-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof); en **S v Makhube 2004 (1) SASV 99 (TPA)**.

[33] Op grond van die voorgaande was die Landdros ook verplig om die verrigtinge ten aansien van die poging tot moord klagte kragtens die voorskrifte van art. 52A (1) (b) te staak en dit na die Hooggeregshof te verwys.

4] Wat betref die skuldigbevinding aan poging tot moord, het ons die advokate versoek om die vraag naamlik of hier nie ‘n

splitsing van aanklagtes ter sake is nie, aan te spreek. In die lig daarvan dat ons van mening is dat die vonnisse hierin opgelÍ, ter syde gestel moet word en die saak na die Hooggeregshof verwys moet word kragtens die voorskrifte van arts. 52 (1) en 52A (1) van Wet 105 van 1997, volg dit dat die saak nog nie afgehandel is nie, en kan daar nie in hierdie forum met hierdie vraagstuk gehandel word nie. Die korrekte forum om te oordeel of die tersaaklike skuldigbevinding ooreenkomstig die reg geskied het, sal die Hof wees waarna die saak kragtens art. 52A van die voormelde Wet verwys word. Vir dieselfde redes kan ook die appél nie oorweeg word nie, aangesien die saak nog nie afgehandel is nie. {**S v Makhube** (supra) }.

5] Bygevolg word die volgende bevele hierin verleen:

[I] **Dit word verklaar dat die vonnisse die appellant opgelê op beide klagtes *ultra vires* die voorskrifte van arts. 52 (1) en 52A (1) van Wet 105 van 1997 is.**

**[II] Beide die vonnisse die appellant opgelê word ter syde gestel en met die volgende bevel vervang:**

"Ingevolgde die voorskrifte van arts. 52 (1) en 52A (1) van Wet 105 van 1997 word die verrigtinge gestaak, en word die beskuldigde na die Noord-Kaapse Afdeling van die

Hooggeregshof verwys vir vonnis kragtens die voorskrifte van die voormelde Wet."

**[III]Die appellant word in aanhouding gehou hangende die afhandeling van die verrigtinge aldus na die Hooggeregshof verwys.**

__________________
HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

__________________
LP Tlaletsi
**REGTER**

**Namens appellant:** Adv IJ Nel
**Namens respondent:** Adv CG Jansen